ES ARGIEF

Verw. PV 15

# INVENTARIS VAN DIE MINISTER W.A. CRUYWAGEN-VERSAMELING

Opgestel: P. Luus
Mei 2017
Pretoria

Voorwoord:

Dr. Willem Cruywagen is op 9 Maart 1921 op Ugie in die Oos-Kaap gebore. Hy matrikuleer van die Hoërskool Elliot en studeer daarna aan die Graaff-Reinetse Onderwyskollege. Hy gee 'n paar jaar onderwys waarna hy 'n B.A. (Hons)-graad van die Universiteit van Pretoria verwerf. Hierna doen hy navorsing oor president Paul Kruger vir 'n meestersgraad wat onvoltooid bly weens sy toetrede tot die politiek.

In 1978 word hy aangestel as die minister van Onderwys en Opleiding. In hierdie portefeulje het hy onder andere aandeel in die vestiging van MEDUNSA (Mediese Universiteit van Suider-Afrika) gehad. Hierna dien hy vir 'n kort periode as die minister van Nasionale Opvoeding.

In 1979 word hy aangestel as die Administrateur van Transvaal, 'n pos wat hy vir nagenoeg nege jaar beklee tot met sy aftrede op 31 Mei 1988. Een van sy prestasies was dat hy op 83-jarige leeftyd 'n doktorsgraad in geskiedenis aan die Universiteit van Noordwes kon behaal.

Cruywagen is op 10 Julie 2013 by sy huis in Pretoria oorlede. Hy was 92 jaar oud en word oorleef deur sy vrou, Snow, twee seuns en vier kleinkinders en een agterkleinkind.

Die argiefmateriaal is nog in ‘n goeie toestand en is gesorteer volgens datum. Die versameling begin in 1965 en eindig in 2004.